**DIE GEREFORMEERDE KERK**
**PIETERSBURG**

# Die Basuin



**Predikant: Ds. S.P. Venter**
**Pastorie: 015 296 1840**
**Sel: 082 809 0222**
**Epos: sarel.pventer@gmail.com**

**14 November 2021**

| | |
|---|---|
| **EREDIENS** | **Ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | Lukas 22: 7 - 20 |
| **Tema** | Ons leef in die nuwe bedeling oppad na die wederkoms |
| **Sang** | Psalm 108: 1, 2<br>Skrifberyming 12-2: 4, 5<br>Lied 489: 1, 2<br>Psalm 20: 6, 7<br>Lied 588: 1, 2, 3 |

Die Paasfees se voorbereiding het oor 5 dae gestrek. Jesus kom Jerusalem 5 dae voor die kruisiging binne. Om seker te maak dat die voorbereidings behoorlik getref word, stuur Jesus twee van sy dissipels wat die naaste aan Hom is: Petrus en Johannes. Hulle moet eers by die regte adres uitkom. Jesus gee die adres op ’n vreemde manier sodat Judas nie die adres vir die Hoëpriester kan deurgee nie.

Jesus wil vir die laaste keer rustig saam met die dissipels die Pasga vier. Hy sê letterlik vogens die Griekse teks dat Hy met ‘n ”groot begeerte begeer het” om saam met hulle die besondere Pasga te vier. By die viering van die Paasfees deur Jesus en sy dissipels het die skaduwees van die Ou Testament werklikheid geword. Voor die dissipels staan die ware Paaslam wat weldra “geslag” gaan word en op dié wyse ’n baie groter verlossing sal bewerk as die verlossing van Israel uit Egipte. Christus het dit so aan sy dissipels verduidelik, maar hulle het dit nie verstaan nie.

En as Hy dan aan hulle sê: “Dit is my liggaam wat vir julle gebreek word …” en: “Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed …” dan laat Hy hulle verstaan dat die Pasga oorgaan in die nagmaal. In hierdie woorde van Jesus kan die heerlike vervulling van die belofte van God dat die sondaar verlos sal word, gehoor word. Soos die Pasga gereeld gevier moes word, sodat Israel God se verlossing uit Egipte nooit kon vergeet nie, so wil God dat sy kerk die verlossing uit die Egipte van sonde, nooit vergeet moet word nie. Daarom het Christus ook beveel: “Gebruik dit tot my gedagtenis” (1 Kor. 11:24). Dit beteken: gebruik dit sodat julle kan onthou. Mag ons volgende Sondag opnnut weer besef wat Jesus Christus se verlossingswerk inhou en God dankbaar daarvoor prys.

## OOG VIR MEKAAR



* Ons bid vir Hennie en July Oelofse wat ‘n moeilike tyd beleef. Hennie kan nie meer loop nie en het baie pyn.
* Ons bid vir Theyman en Simonè Jongbloed met hulle seuntjies, waar hy tans in Pretoria-Oos hospitaal behandeling ondergaan. Hy is onlangs met ‘n gewas op die brein gediagnoseer. Ons dra hulle ma Rika en die familie aan die Here se genade op om hulle deur die moeilike tyd te lei en te dra.
* Ons bid vir Antoinette Sauermann wat Vrydag ‘n operasie aan haar hand ondergaan het. Ons hoop dat jou hand vinnig sal herstel. Ons bid ook vir Hannes wat Donderdag in die hospitaal was. Ons is dankbaar dat hy ontslaan is.
* Seënwense vir die leerders, skrywers, ondersteuners en merkers om van die eksamen ‘n sukses te maak. Ons bid vir julle.

# KONSISTORIEDIENSBEURT 14 NOV 2021

**Diensbeurt:** Wyk C2

**Ouderling:** **Cassie Carstens**

**Katkisasie:** Graad 10

**Diaken:** **Roelof Venter**

Ouderlinge en diakens moet asb kennis neem dat almal soos voorheen weer, voor die erediens in die konsistorie sal vergader.

# TEESKINKBEURTE



**14 Nov 2021** **Almal wat beskikbaar is.**

**Suster as jy nie beskikbaar is met jou teeskinkbeurt nie, ruil self met 'n ander suster uit asseblief!**

# DATUMS OM TE ONTHOU

| DATUM | TYD | WAAR | WAT |
|---|---|---|---|
| 16 November | 09:30 | *Kerk* | Bybelstudie |
| 17 November | 18:30 | *Kerk* | Bybelstudie |
| 18 November | 09:30 | *Alta Theron* | Bybelstudie |
| 18 November | 19:00 | *ZOOM* | Bybelstudie |
| ***21 November*** | ***09:00 en 11:00*** | ***Kerk*** | ***Nagmaal*** |
| ***29 November*** | ***18:00*** | ***Kerk*** | ***Breëkerkraadsverg.*** |



# GEDAGTE VIR DIE WEEK

*Ook tot in julle ouderdom is Ek die Here,*

*tot in julle grysheid sal Ek julle dra.*

*Ek het julle gemaak en Ek sal julle vashou,*

*julle dra en julle red.*

*Jesaja 46: 4*

## NAGMAAL

Lidmate moet ASB kennis neem van die volgende:

* **Nagmaal sal op 21 November 2021 om 09:00 en dan weer om 11:00 plaas vind.**
* Lidmate **MOET** bespreek vir **EEN** van die **TWEE** dienste.
* Lidmate wat Nagmaal aan tafel (vir families) moet so bespreek, daar is 6 sulke tafels per diens beskikbaar.
* Die ander lidmate sal die rakkies wat agter in die portaal is, gebruik en Nagmaal in die banke gebruik.
* Die Dankdiens en Kerssangdiens sal op 28 November 2021 wees en om 09:30 wees. Besprekings sal nie nodig wees nie.





# KALENDER



## *Verjaarsdae*

| Datum | Naam | Ouderdom | Belydend/Doop | Sel/Tel no. |
|---|---|---|---|---|
| So 14 Nov | ***Apie Oberholzer **** <br> Craig Adams | ***72*** <br> 30 | B <br> B | 079 496 1228 <br> 082 798 0329 |
| Ma 15 Nov | ***Alta Theron **** | ***74*** | B | 082 458 5700 |
| Di 16 Nov | Maurice Stander | 68 | B | 082 448 9198 |
| Wo 17 Nov | Anneleen Grobler | 64 | B | 071 673 0584 |
| Vr 19 Nov | **Marius Krüger *** | ***71*** | B | 082 785 6975 |
| Sa 20 Nov | Elmara Wolmerans <br> Wian Van Der Walt | 49 <br> 8 | B <br> D | 083 339 5398 <br> 078 176 0964 |

## Huweliksherdenkings

| Huweliksdatum | Lidmate | Jare Getroud | Sel/Tel no. |
|---|---|---|---|
| 14 Nov 2009 | Rhuan & Su-Marie Stander | 12 | 082 477 8009 <br> 074 580 3739 |

# DIAKONALE KERSMARK




Die diakonie beplan om 'n **kersmark te hou op 27 November 2021** by die kerk, dit sal die laaste fonds insamelings poging wees van die diakonie vir die jaar.

Antoinette Suaermann is die sameroeper en enige voorstelle van uit diegemeente kan aan haar gegee word by 082 366 5041.

Ons weet dat die gemeente soos in die verlede weer die projek sal ondersteun en om daardie rede vra ons almal se hulp om die projek te ondersteun.

Lidmate kan skekings gee van:

- Ou klere,
- Bestandele vir die bak van vrugtekoeke, klein koekkies, beskuit ens,
- Pannekoek bestandele soos meel, eiers en olie, suiker, kanneel ens,
- Handgemaakte items vir kers geskenke,
- Ingemaakte produkte soos konfyt, vrugte ens.

**Almal se samewerking sal baie hoog op prys gestel word.**

# KLEINKOEKIE OLIMPIADE


Die diakonie hou op **Saterdag 20 November 2021 'n Kleinkoekie Olimpiade!!!!!!!!**


Broers en susters word almal uitgedaag om julle gunsteling **klaar voorbereide beslag vanaf 09:00 kerk toe te bring** en ons rol, druk en bak dit vir die Kersmark.

Julle is welkom om ook koekiedrukkers saam te bring en saam met ons te kom bak.

Kontak Koemi vd Walt by 082 459 3832 vir enige verdere navrae.




GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG
DANKOFFERS EN LOPENDE UITGAWES
2021
DANKOFFERS
LOPENDE UITGAWES
R -
R 20 000.00
R 40 000.00
R 60 000.00
R 80 000.00
R 100 000.00
R 120 000.00
R 140 000.00
R 160 000.00
R 180 000.00
R 200 000.00
JAN
R 90 101.00
R 185 229.13
FEB
R 89 376.00
R 111 985.41
MRT
R 138 076.00
R 165 010.45
APR
R 118 424.20
R 150 962.46
MEI
R 122 126.00
R 174 185.34
JUN
R 113 987.00
R 117 010.09
JUL
R 124 876.00
R 106 109.61
AUG
R 112 226.00
R 155 878.92


GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG
DANKOFFERS EN LOPENDE UITGAWES
2021
DANKOFFERS
LOPENDE UITGAWES
R -
R 20 000.00
R 40 000.00
R 60 000.00
R 80 000.00
R 100 000.00
R 120 000.00
R 140 000.00
R 160 000.00
R 180 000.00
R 200 000.00
JAN
R 90 101.00
R 185 229.13
FEB
R 89 376.00
R 111 985.41
MRT
R 138 076.00
R 165 010.45
APR
R 118 424.20
R 150 962.46
MEI
R 122 126.00
R 174 185.34
JUN
R 113 987.00
R 117 010.09
JUL
R 124 876.00
R 106 109.61
AUG
R 112 226.00
R 155 878.92

**Preke, dagstukkies en Die Basuin :**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
Nantes Kotze
015 296 0054
081 424 9651

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581

Marisa Linde
083 408 2100

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor** | Nantes Kotze |
| Faksnommer | (015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks) |
| Epos | admin@gereformeerd.co.za |
| Webwerf | |
| Kantoorure | Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Bankbesonderhede** | |
| **Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

*Toe neem Hy brood, spreek die dankgebed uit, breek dit en gee dit vir hulle met die woorde: "Dit is my liggaam wat vir julle gegee word. Gebruik dit tot my gedagtenis."*
*Met die beker na die maaltyd het Hy net so gemaak en gesê: "Hierdie beker is die nuwe verbond, beseël deur my bloed, wat vir julle vergiet word.*
*Lukas 22: 19 & 20*



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS